## Interessante Bybelstatistieke:

Die woord "Bybel" kom van die Griekse woord *biblion* en beteken eenvoudig "boek".

Die hele Bybel was geskryf oor 'n periode van ongeveer 1600 jaar, vanaf ongeveer 1500 v.C. tot ongeveer 95 n.C.

Die Bybel is geskryf deur meer as 40 skrywers en is deur die Heilige Gees geïnspireer.

Daar is ses en sestig boeke in die Bybel: 39 in die Ou Testament en 27 in die Nuwe Testament.

Moses het die meeste boeke in die Ou Testament geskryf – 5 boeke

Paulus het die meeste boeke in die Nuwe Testament geskryf – 13 boeke.

Lukas het die meeste verse in die Nuwe Testament geskrywe. Hy het die boeke Lukas en Handelinge geskryf en hulle beslaan sowat 28% van die Nuwe Testament.

Paulus se 13 briewe het 2033 verse; Lukas se boeke Lukas en Handelinge het 2138 verse.

Die Ou Testament is oorspronklik in Hebreeus geskryf en die Nuwe Testament in Grieks, met die uitsondering van 'n paar verse in Aramees.

Psalms is die langste boek in die Bybel.

Johannes 3, volgens hoeveelheid woorde, is die kortste boek in die Bybel.

Psalm 119 is die langste hoofstuk in die Bybel.

Psalm 117 is die kortste hoofstuk in die Bybel.

Die middelste hoofstuk van die Bybel: Psalm 118

Die Bybel het 594 hoofstukke voor Psalm 118 en 594 hoofstukke na Psalm 118.

Die totale aantal hoofstukke, uitsluitend Psalm 118, is 1188 hoofstukke.

Die middelste vers van die Bybel is Psalm 118:8. "Dit is beter om by die HERE te skuil as om op mense te vertrou."

Die langste vers in die Bybel is Ester 8:9 Die kortste vers is Johannes 11:35.

Daar word na die boek van Jesaja verwys 419 keer in die Nuwe Testament.

Daar is 4 verse in die Bybel wat identies is:

Psalm 107:8,15,21 en 31

Dawid is die persoon wat die meeste genoem word in die Bybel – 1118 keer, Moses tweede met 740 keer en Aaron 339 keer.

Die vroue wat die meeste genoem word is Sarah, Abraham se vrou, 57 keer; Ragel, Jakob se tweede vrou, 47 keer, en Lea, Jakob se eerste vrou, 34 keer.

### Buitengewone dinge in die Bybel opgeteken:

1. Persoon wat deur 'n donkie aangespreek is: Num 22:28-30
2. 'n Bed met lengte van 4.11 m (13,5 voet) en wydte 1.82m (6 voet). Deut 3:11
3. Die son wat stilstaan. Josua 10:13
4. 'n Leëreenheid met sewehonderd manskappe wat almal linkshandig was. Rigters 20:16
5. 'n Man wie se hare omtrent 2.7 kg geweeg het wanneer hy dit jaarliks laat skeer het. 2 Sam 14:26
6. 'n Man wat 12 vingers en 12 tone gehad het. 2 Sam 21:20
7. 'n Man wat 88 kinders gehad het. 2 Kron 11:21
8. 'n Weermag van 185 000 manskappe wat in een nag verwoes is. Jes 37:36
9. 'n Man wie se lewe verleng is met 15 jaar in beantwoording van sy gebed. Jes 38:1-5
10. 'n Dag wat die son agteruit beweeg het. Jes 38:8

**Bron: Encyclopaedia of Bible Facts**